Maandag 21 Desember
Skrifgedeelte: Jesaja 61:1-11 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Jesaja 61:8

God beloon die regverdiges (gelowiges in Christus) volgens sy ewige verbond

Wat 'n wonderlike boodskap van troos en bemoediging vind ons hier! Dit was Jesus se preekteks in die sinagoge van Nasaret: *"Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul"* (Luk. 4:21).

Wat is die inhoud van die aankondiging? Vers 8 vat dit saam: *"Ek sal hulle beloning aan hulle gee op grond van my trou; 'n ewige verbond sal Ek met hulle sluit."* Dit beteken dat God die regverdiges sal beloon. Dat God getrou is aan sy verbond. Dat daar 'n nuwe geseënde tyd wag.

Die troosboodskap is vir die magteloses, dié met gebroke harte, dié wat in ballingskap weggevoer is en in boeie was (Jes. 61:1). Eerstens vir die ou verbondsvolk van die Here, maar dan ook vir ons wat in Christus deel het aan die nuwe verbond.

Dit is 'n goeie boodskap (evangelie), want dit kondig verlossing aan. Dit word genoem die genadejaar van die Here vir sy volk. Die eens vernederde volk sal herstel word en genoem word *"terebinte (bome) van geregtigheid, geplant deur die Here om Hom te verheerlik"* (61:3).

Uit die puinhope sal die stad Jerusalem herrys. Omvattende vernuwing: die volk sal priesters en dienaars van die Here genoem word. Die nasies se rykdom sal aan hulle geskenk word. Skande sal met 'n dubbele deel vergoed word. Die genade van die Here sal vir die nasies sigbaar wees. Alles tot eer van ons Here.

Hierdie profesie pas Jesus op sy koms toe. Hulle wat in sy verlossing deel, ontvang nou sy seën, maar die beloftes van die ewige verbond sal in die nuwe Jerusalem vervul word.

Hou in die geloof vas aan ons Here. Hy is die getroue God. Hy is met jou, veral met die lydendes. Ons oë bly gevestig op die nuwe wat beslis sal kom.

*Sing: Skrifberyming 18-6 (57):1, 5*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus*